

# Die aanpasbare Boran: Perfek vir veldproduksie

Deur Christal-Lize Muller

**A**gtien jaar gelede het Francois Smit, stoetteler en eienaar van Fonteine Borane naby Derby in Noordwes, in die Boran-beeras belê. Die afgelepe twee dekades getuig daarvan dat dit beslis die regte besluit was. Met eenvoudige teeltgnie en 'n omgewingsvriendelike benadering, het hy van krag tot krag gegaan.

Francois glo vas in die Boran se aanpasbaarheid by die omgewing. Toe hy en sy skoonpa, Isak van Zyl, hul melkboerdery in 2003 gestaak het om hulle eerder op veeteling toe te spits, het hulle op hierdie kerneienskap gefokus. Ander voordele van Boranbeeste, sê Francois, is hoe maklik hulle hanteer en hul mededingendheid met ander rasse. Wat kilogram per hektaar betref, stel die Boran ook geïnteresseerde nie.

Francois se broer, Johan, het hulle aan die Keniaanse Boranras voorgestel. Dit was aanvanklik 'n moeilike proses om beeste te selekteer en geneties deur middel van embriospoeling in te voer. Met die hulp van Embryo Plus het Francois en Isak uiteindelik verskeie Borankoeie in Kenia gespoel en bevrore embrio's teruggebring om by ontvangerkoeie ingeplant te word.

Francois en Isak was van die stigterslede van die Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika in 2003. Hul stoetery is ook in dieselfde jaar geregistreer.

## Gesogte eienskappe van die ras

Francois sê daar is toenemende belangstelling in die Boran in Suid-Afrika. Kommerisiele sowel as kleinskaalse, opkomende produsente belê al hoe meer in

dié ras. Hy glo dit is te danke aan die ras se lae onderhoud en moeitelose hantering.

"Hoewel bosluislading van streek tot streek verskil, hoef ons nooit ons beeste te dip nie, terwyl die meeste ander rasse gereeld gedip moet word, veral in die somer." Dit pas Francois, want hy glo dat gereelde, sistematiese dip mettertyd 'n negatiewe impak op die endokriene stelsel het. Omdat dit nie nodig is om sy diere te dip nie, beteken dit 'n hoër voorkoms van miskruiers op sy plaas.

Francois beskryf die Boran as 'n nie-selektiewe weidier met 'n sterk kuddeinstink. "Hierdie twee eienskappe saam maak dit baie makliker om weivelde met drukkeweiding te benut. Die vermoë van die Boran om goeie kondisie onder moeilike toestande te handhaaf, hou direk

verband met hoë vrugbaarheid, wat nog 'n rede vir sy toenemende gewildheid is."

## Fisiese eienskappe

As 'n medium-raam dier het die Boran outomaties laer onderhoudsbehoefes as groter-raam beeste. Dit stel Borane in staat om hul uitstekende liggaamskondisie te behou, selfs onder uitdagende omstandighede.

Dit is 'n wanopvatting dat 'n manlike tipe koei bulle sal teel. Hy meen vroulike koeie is nodig om manlike bulle te teel en sê dit kom neer op geslagsdimorfisme. Die verskil in voorkoms tussen koeie en bulle moet baie duidelik wees. By Fonteine Borans word vroulike en manlike eienskappe baie spesifiek beklemtoon tydens seleksie.

"'n Vroulike dier moet vleis téél, nie drá nie. Daarom fokus ons op sterk moederlyne, met die klem op vroulikheid. 'n Goeie moederlyn het sterk oorerflikheid, en 'n vroulike tipe koei sal goed-gespede, manlike bulle én vroulike koeie teel. By die Boran is 'n groot skof en swaar keelvelle manlike, en nie vroulike eienskappe nie."

## Produktiewe bulle, vrugbare koeie

Francois gebruik Boran-stoetbulle op sy kommerisiele kudde deur paring met veelvuldige vaars (*multi-sire mating*). "Ons sit 50 koeie, nie 25 nie, vir drie maande by 'n bul. Boonop is Boranbulle op tien jaar en ouer steeds produktief. As ek dit alles in ag neem, het ek klaar my bul-koste halveer deur rasegte Boranbulle te gebruik."

Francois het spesifieke idees oor vrugbaarheid. "As 'n teler 'n besettingskoers van 95% plus in sy kudde het, glo ek daar word nie genoeg druk op die beeste geplaas nie."

Hy meen dat die grense getoets moet word. Dit is dus aanvaarbaar as beeste wat onder druk geplaas word, 'n besettingsyfer van tussen 85 en 87% bereik. Met druk op die beeste, verwys hy na relatief kort dekseisoene, hoë veelvuldigheid en minmale aanvulling.

"In ons geval" verduidelik hy, "mik ons om ons getalle op die plaas te verhoog, solank ons binne daardie persentasiedoelwitte bly. Ons staan tans op bykans dubbel die drakrag van ons gebied. Dit is grootliks te danke aan die unieke eienskappe van die Boran. Dit is interessant om te sien hoe die

medium-raam diere beter as groter-raam diere in ons stelsel presteer."

Die meeste koeie kalf vir die eerste keer tussen 30 en 36 maande. "In ons ervaring kan jy kleiner beeste soos die Boran op twee jaar laat kalf, omdat hulle vroeg genoeg geslagsryp is. Ek dink egter die voordeel van vroeë kalwing regverdig nie die koste om eerstekalkoeie in produksie te hou nie, veral ook omdat die eerste nageslag van daardie vroeë-kalf koeie selde in die stelsel bly."

## Teeliseisoene

Hulle pas streng dekseisoene toe, naamlik drie maande in die somer (Desember tot Februarie) en twee en 'n half maande in die winter (1 Julie tot 15 September). "Twee dekseisoene werk vir ons, want ons kan ons stoetbulle regdeur die jaar gebruik," sê Francois.

Hy gebruik steeds in vitro-befrugting, want die koei kan nog gespoel word as sy reeds dragtig is (tot op drie maande). Hy sit haar soos gewoonlik in die teelgroep, neem haar dan uit die groep, voer die procedure uit en sit haar terug by die groep. Semens uit sy eie bulle getap, en die eerste groep koeie wat vroeë gekalf het, sal dan kunsmatig geïnsemineer word.


Francois glo dat wanneer 'n koei een keer oorslaan, dit nog oor die hoof gesien kan word, maar as sy wéér oorslaan, moet sy uit die kudde verwyder word. Seleksie in die kommerisiele kudde is op vrugbaarheid en produksie gebaseer, en aangesien die kuddegetalle hoog is, word die moeders van die swakste kalwers uit die kudde verwyder.

## Seleksiekriteria en -benadering

Seleksie is op verskeie aspekte geskoei, waaronder goeie konformasie, die jaarlikse speen van 'n ordentlike kalf en goeie temperament. Die meeste van hul kriteria, sê hy, kan in een eienskap saamgevat word: die vermoë om goeie liggaamskondisie op veld te handhaaf.

Volgens Francois word speengewigte deur verskeie faktore beïnvloed, benewens die moeder se vermoë om 'n aanvaarbare kalf groot te maak. Veelvuldigheid speel 'n groot rol en prestasie moet dus slegs binne die groep geëvalueer word.

"Ons speen op agt maande, aangesien koeie wat vir hul goeie kondisie geselekteer is, hulself (sowel as hul kalwers, indien hulle weer dragtig is) moet kan onderhou."



Francois en sy vrou, René, maak 'n wenspan en is trotse Borantelers.

Sommige beestelers speen op vyf tot ses maande om die koei se kondisie vóór haar volgende kalwing te verbeter. Francois se benadering berus op die oortuiging dat 'n koei met 'n vyf-maande-oue kalf reeds weer dragtig moet wees, en die fokus moet dus op die onderhoud van haar kondisie wees.

"'n Dragtige koei behoort 'n kalf maklik tot op agt maande by haar te kan hou, sonder dat dit 'n negatiewe uitwerking op haar kondisie het. Die uitdaging is om 'n balans tussen vrugbaarheid en melk te handhaaf, aangesien 'n mens altyd vir meer melk kan selekteer, maar in 'n sekere stadium word vrugbaarheid ingeboet.

"Ek dink 'n speengewig van tussen 180 en 200kg vir vroulike diere en 200 tot 230kg vir bulkalwers op agt maande, is heeltemal aanvaarbaar." Dit is wel met klein- tot medium-raam koeie en 'n hoë veelvuldigheid in gedagte. **LV**

Vir meer inligting, epos Francois Smit by francois@fonteineboran.co.za.



Francois beklemtoon die belangrikheid daarvan om met 'n goed aangepaste ras soos die Boran te boer, veral in Afrika, met sy verskillende klimaatstreke en waar daar min hulpbronne buite dit wat die natuur bied, beskikbaar is om kuddes te onderhou. (Foto: Francois Smit)